

Sondag 7 Februarie

Skrifgedeelte: Hebreërs 2:10-18; HK Sondag 6, Vraag 16

Fokusgedeelte: Hebreërs 2:17; 4:15

Ons Middelaar: ware, regverdige mens

Om middelaar en verlosser vir ons te kan wees, moes die betrokke persoon 'n mens wees net soos enige ander mens. Die regverdige God eis dit. Hy moes 'n mens van vlees en bloed wees soos alle mense. Hy moes uit 'n vrou gebore word en in 'n gesin opgroei, soos elke kind. Hy moes weet wat dit is om honger en dors te hê en ook om trane te stort. Hy moes werklik aan die mens in alle opsigte gelyk wees (Heb. 2:14, 17). Die enigste uitsondering is dat hy geen sonde moes gehad het nie (Heb. 4:15; 7:27), want iemand wat self 'n sondaar was, kon nie vir die sondes van ander betaal nie (Heb. 7:26, 27).

Die vraag is nou: Was Christus 'n ware mens, behalwe dat Hy geen sonde gehad het nie?

In die beeld wat die evangeliste van Jesus teken, is dit opvallend om te sien hoeveel moeite hulle doen om aan te toon dat Hy 'n ware mens was. Hy word in Betlehem gebore as die eerste Kind van Maria (Luk. 2:6, 7). Geslagsregisters en name van mense van wie Hy familie was, word verskaf (Matt. 1; Mark. 6:3; Luk. 3). Hy het in Nasaret opgegroeï (Luk. 2:39, 40). Hy was aan Josef en Maria onderdanig (Luk. 2:51). Hy word nie net die Seun van die timmerman genoem nie (Matt. 13:55), maar Hy word self ook 'n timmerman genoem (Mark. 6:3). Tydens sy versoeking in die woestyn het Hy honger geword (Matt. 4:2) en aan die kruis het Hy gesê dat Hy dors het (Joh. 19:28). By die dood van Lasarus het hy gehuil (Joh. 11:35). In Getsemane het Hy 'n verskriklike doodsangs ervaar (Luk. 22:44), en op Golgota het Hy gevoel wat dit beteken om deur God en mens verlaat te word (Matt. 27:45, 46).

Ook die ander geskrifte in die Nuwe Testament bevestig dat Hy aan die mense gelyk geword het (Fil. 2:7). In die brief aan die Hebreërs word die ware menswees van Christus baie sterk beklemtoon. Van Hom word gesê dat Hy in elke opsig aan sy broers gelyk geword het en net soos hulle vlees en bloed geword het “om die sondes van sy volk te versoen” (Heb. 2:14, 17).

Net so sterk as wat die ware mensheid van Christus in die Skrif aan ons voorgehou word, so sterk word egter ook beklemtoon dat Hy self sonder sonde was (Joh. 8:46; 2 Kor. 5:21; Heb. 4:15; 7:26; 1 Pet. 2:22; 3:18; 1 Joh. 3:5). Uit dit alles is dit duidelik dat Christus werklik vir ons 'n Middelaar en Verlosser kon wees, omdat Hy 'n ware – maar sondelose – mens was.